

Logos Gemeente van Christus

Onder die altaar? Of onder die kranse in die grotte?

Op 6:1-17

14 Junie 2020

In hoofstukke 4 en 5 het ons na die hemelse troonvisioen gekyk wat Johannes gesien het. Die doel van hierdie visioen is dat Jesus aan Johannes, en ons, bekend wil maak wat hierna moet gebeur. Die Drie-Enige God was in hierdie visioen. God die Vader is die Een wat op die troon sit. God die Seun is beskryf as die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid en as die Lam wat geslag is. En God die Heilige Gees is beskryf as die sewe fakkels voor die troon, asook as die sewe oë van die Lam wat oor die aarde uitgestuur was. Die Lam is as die Priesterkoning waardig om die boekrol in die hand van die Vader te mag vat en oopmaak – juis omdat Hy die Priesterkoning is. Ons het ook gesien dat Hy medewerkers het, naamlik die mense wat Hy losgekoop het deur Sy bloed en hulle nou ook priesters en konings gemaak het, asook die Heilige Gees, wat Sy oë is.

Voordat ons nou aanbeweeg na hoofstuk 6, net die volgende opmerking: Daar is 4 maniere waarop die boek Openbaring geïnterpreteer word: preteristies, histories, futuristies en idealisties. Ek beplan nie om dit in detail te bespreek nie. Ons het in die Bybelstudie daarvoor gepraat. Persoonlik is ek oortuig die idealistiese interpretasie is die mees verantwoordelike manier. En dit is ook hoe ek vandag se gedeelte hanteer.

Nou hoofstuk 6. Hoofstuk 6 beskryf vir ons wat Johannes gesien het toe die Lam die sewe seëls oopgemaak het – wel, eintlik die eerste 6 seëls, die 7de seël volg eers in hoofstuk 8. Wat ons kan verwag om nou te lees, is 'n beskrywing van die dinge wat hierna moet gebeur. Netsoos die troonvisioen aangrypend is deurdat hoofstukke 4-5 soveel aspekte van God se werk aanspreek, netso is hoofstuk 6 aangrypend. In hierdie 17 verse lees ons 'n beskrywing van die wêreldgeskiedenis vanaf Johannes se tyd tot met die finale oordeelsdag. Ja, dit is so dat daar nog beskrywings hiervan volg in die res van Openbaring vanuit ander perspektiewe – maar hier is een so 'n beskrywing. Ek glo dat die doel met hoofstukke 6 en 7 is om die gelowiges gedurende hierdie periode te bemoedig, en ek hoop dit word duidelik soos ons vorder.

Ek wil die oordenking van hoofstuk 6 hanteer onder die volgende drie punte:

- Seëls 1-4: Tipiese wêreldomstandighede
- 5de Seël: Gelowiges se onmiddellike toekomsverwagting
- 6de Seël: Ongelowiges se onmiddellike toekomsverwagting

Seëls 1-4: Tipiese wêreldomstandighede

Die oopmaak van die eerste 4 seëls volg dieselfde struktuur:

- Elke keer word daar pertinent gesê dat dit die Lam is wat die seël oopmaak. Alles wat dus hier beskryf word, geskied onder Sy heerskappy as die Ewige Koning met al die mag.
- Elke seël wat oopgemaak word, gaan gepaard dat een van die 4 lewende wesens, dus 'n senior engel, sê: “Kom!” of “Gaan uit!”. Hierdie engele is dus ook belyd met wat die Lam doen.
- In elk van die 4 seëls sien Johannes 'n perd. Die kleur van die perde verskil: 1ste – wit perd, 2de – rooi, 3de – swart perd en 4de – vaal perd.

- Elke perd het ook 'n ruiter op, en die ruiter het iets wat aan hom gegee is: 1ste ruiter – boog en oorwinnaarskroon, 2de ruiter – groot swaard, herinner aan die swaard wat in die Ou Testament gebruik is om die offers mee te slag, 3de ruiter – skaal (weegskaal), en die 4de ruiter – se naam was die Dood, en die doderyk het agter hom aangegaan.
- Die koms van elke perd en ruiter gaan gepaard met 'n sekere effek op die aarde.

Voordat ons na hierdie effekte kyk, net die volgende opmerking: Daar is baie debat oor wie die eerste ruiter op die wit perd is. Opinions verskil. Sommiges meen dat dit Jesus self is. Hierdie siening berus op die feit dat Op 19:11 Jesus met die finale oordeel beskryf as 'n ruiter op 'n wit perd – en daarom moet dit hier ook so wees. Boonop lees ons dat hierdie ruiter oorwin het en nou uitgaan om nog verder te oorwin. Daar word geredeneer dit is tog ook waar van Jesus – Hy het aan die kruis oorwin, en is nou besig om nog verder te oorwin. Ek ondersteun nie hierdie interpretasie nie, maar stem eerder saam met ander verklaarders wat sê hierdie ruiter is netsoos die ander drie ruiters op die ander drie perde eerder 'n ruiter wat onder Jesus se gesag is wat moeilike omstandighede op die aarde moet skep. Kom ons kyk na die effekte van al vier hierdie perde en ruiters:

Die eerste perd en ruiter word beskryf as een wat uitgegaan het as 'n oorwinnaar met die doel om nog verder te oorwin d.m.v. die boog wat hy het. Wat ons moet raaksien is dat die Lam in sy posisie van absolute gesag, dit so gewil het dat daar mense of groepe mense is wat oorwinnaars is, en wat nie daarmee vergenoegd is nie – hulle wil net nog verder oorwin. Dit kan sekerlik op verskillende gebiede wees: Dit kan waar wees van 'n volk in 'n land. Hulle het 'n land, maar smag na meer en wil ander lande annekseer. Dit kan waar wees van besighede: hulle het 'n sekere markaandeel, maar wil nog groter aandeel bekom. Of individue: iemand is in 'n posisie van gesag met onderdane, maar wil net nog meer gesag en aansien bekom.

Die tweede perd en ruiter het 'n groot swaard wat hy gebruik om vrede weg te neem. Die swaard herinner aan die slagmes waarmee die offers (en dus ook die Lam) geslag is. Hier moet ons dink aan mense/groepe wat onvrede/onmin aanblaas. Dink aan oorloë tussen lande, burgeroorloë binne lande, terroristegroepe, misdaad, of selfs ekonomiese sanksies tussen lande of selfs besighede wat spanning en onvrede tot gevolg het.

Die derde perd en ruiter het 'n weegskaal waarmee kos afgeweeg word. Die kos is duur: 1 dagloon kan net 1 skeppie koring koop, waarskynlik genoeg vir een mens, of 3 skeppies gars as hy vir sy geliefdes ook wil sorg. Daarteenoor moet luukshede soos olyfolie en wyn mooi opgepas word. Wat ons moet sien, is die implikasies van ongelykhede: die armes moet 'n hele dag werk vir 'n skamele hoeveelheid kos, terwyl die rykes bekommerd is oor olyfolie en wyn. In Suid Afrika ken ons hierdie ongelykhede goed: groot getalle inwoners het skaars genoeg om elke dag van te leef al werk hulle heeldag hard, terwyl ander inwoners in absolute weelde leef. Of dink aan die verskille in die samelewings van 1ste wêreldlande teenoor 3de wêreldlande. Kyk maar net na die coronavirus-voorbereidings in Wuhan vs New York vs Soweto vs Nampula.

Die vierde perd en ruiter word beskryf as die Dood en doderyk. Hulle is toegelaat om tot 'n kwart van die aarde se bevolking dood te maak d.m.v. die swaard, hongersnood, pes en wilde diere. Hierdie groepering van oordele word dikwels bymekaar gevind in die Ou Testament – kyk maar net na Deut 32:24-26 en Jer 15:1-4). Ons het alreeds iets van die swaard in die 2de seël gesien, en hongersnood in die 3de seël. Deesdae verstaan ons baie goed dat pessiëktes groot getalle mense kan doodmaak, maar dit is nie beperk tot die coronavirus nie. Ons kan ook wye dink i.t.v. siektes soos kanker, hartvatsiektes, vigs, ens. Afhangend van waar jy in die wêreld leef, kan wilde diere nog steeds 'n bedreiging wees – al is dit dan deur iets soos 'n malariamuskiet.

Opsommend: Wat hierdie 4 seëls ons oor waarsku, is dat ons 'n wêreld kan verwag wat gekenmerk word deur onvergenoegdheid (wie het, wil net nog meer hê), gebrek aan vrede, groot ongelykhede sonder enige geregtigheid om die ongelykhede reg te stel, en baie mense wat dood gaan weens die swaard, hongersnood, siektes of selfs wilde diere. Klink dit soos die wêreld waarin ons leef? Die belangrike punt is: Die Priesterkoning is in beheer hiervan en bestuur dit! Of ons dit nou kan verstaan en waardeer of nie!

5de Seël: Gelowiges se onmiddellike toekomsverwagting

Wanneer die Lam die 5de seël oopmaak, verskuif die toneel na die hemel. Daar is drie sake waarvan ons moet kennis neem:

- Volgens vers 9 het Johannes onder die altaar die siele gesien van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die woord van God en die getuienis van Jesus vasgehou het. Gelowiges kan verwag om lyding te verduur, selfs lyding tot die dood toe. Die woord wat hier vir "doodmaak" gebruik word, is dieselfde as wat in die 2de en 4de seëls gebruik is. Op baie plekke in die Skrif is daar waarskuwings of beskrywings van die lyding van gelowiges. Dink maar aan Mat 10:37-39 waar gewaarsku word dat gelowiges hulle kruis moet opneem en Jesus volg, en die wat hulle lewe ter wille van Hom verloor, sal dit vind. Of Rom 8:35-36 waar ons lees: "Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word". Ons is bewus van verskeie dele in die wêreld waar gelowiges vervolging belewe a.g.v. hulle geloof. Maar wat van ons? Ons dink gewoonlik dis nie die geval in die Weste nie. Is dit waar? Dink aan die moontlike gevolge as jy 'n ferm Bybelse standpunt inneem oor: aborsie, homoseksualiteit, kinderopvoeding, doodstraf – en noem maar op.
- Omdat hierdie gelowiges tot die dood toe volhard het, is hulle siele nou onder die altaar in die hemel. Daar word baie gespekuleer of dit die brandofferaltaar of die wierookofferaltaar is. Ek dink dis die wierookofferaltaar, omdat ons juis lees van die gebede van die gelowiges, en gebede geïdentifiseer word met wierook. Hier onder die altaar, bid hulle: "Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel op die bewoners van die aarde?". Hierdie gebed is nie soseer dat hulle wraak begeer nie, maar hulle is besorgd oor die aangetaste eer van God wat oordeel van God regverdig en eis. Hierdie vraag word ook 'n sleutelvraag in die res van die boek Openbaring, en ons sal nog 'n paar keer terugkom hierna. Hulle ontvang 'n antwoord: Nog 'n klein rukkie, totdat al hulle medegelowiges wat ook nog doodgemaak moet word, ook daar is. Intussen moet hulle rus (vers 11 OAV). Hulle kan rus in die wete dat die Priesterkoning in beheer is, en al die medegelowiges wat moet kom, sal kom – daarvoor sal Hy sorg.
- Intussen dra hulle wit klere. Onthou Op 3:5 waar Jesus beloof het dat almal wat die oorwinning behaal sulke wit klere sal dra. Onthou ook die helder blink klere wat die uitgenooides na die bruilofsmaal van die Lam dra (Op 19:8-9), wat simbool is van hulle regverdige daade. In Jakobus se woorde: hulle het dus gevorder tot geestelike rypheid. Hierdie gelowiges het dus reeds geregtigheid! Onthou, ons praat hier van daardie tussen-in periode na hulle afsterwe, maar voor die wederkoms en finale oordeel – dan dra hulle alreeds wit klere! Dan is hulle reeds geregverdig! Daarom hoef hulle geen vrees meer te hê vir die komende oordeelsdag nie!

Opsommend: Ons moet vashou aan die Woord van God – tot die dood toe. Ons moet groei na geestelike rypheid – tot die dood toe. Ons moet selfs vervolging verwag wanneer ons hieraan vashou. Ons moet selfs verwag dat dit mag wees hoe ons gaan sterf. Maar dan het ons die verwagting om direk in die hemel onder die altaar te wees, waar ons by die heilige en getroue

Heerser pleit vir die verdere uitwerk van God se plan tot met die oordeelsdag toe. Intussen rus ons in die wete dat Hy in beheer is, en dra ons wit klere wat ons verseker wat die uitkoms van die oordeelsdag gaan wees wanneer dit aanbreek. En ons wag op 'n nog groter heerlijkheid wat dan sal aanbreek: vereniging met ons verheerlikte liggame, en 'n nuwe hemel en nuwe aarde waar God by ons kom woon!

6de Seël: Ongelowiges se onmiddellike toekomsverwagting

Met die oopmaak van die 6de seël bereik ons die oordeelsdag – kyk na vers 17. Tot hiertoe het ons gesien in seëls 1-4 wat die tipiese omstandighede hier op aarde gaan wees tot met daardie dag, en in die 5de seël het ons gesien wat die gelowiges wat intussen sterf, kan verwag. Hierdie gedeelte gee geen inligting oor wat met ongelowiges gebeur wat voor die oordeelsdag sterf nie. Dit suggereer dat dit nie die primêre doel is nie – die fokus is op die gelowiges – wat hulle hier en in die hemel kan verwag tot met die oordeelsdag. En ter bemoediging vir die gelowiges wat wonder oor wanneer die oordeel voltrek gaan word, 'n beskrywing van die onmiddellike toekoms van die ongelowiges wat hulle vervolg het. Bykans geen detail word oor die oordeelsdag self gegee nie – dit word later in die boek in meer detail beskrywe. Hier is slegs die gebeure op aarde met die aanbreek van die oordeelsdag. Die fokus lê op twee areas:

- Gebeure in die skepping: Verse 12-14 beskryf asemrowende gebeure in die skepping self. Daar is 'n aardbewing, die son lyk of dit in swart rouklere geklee is, die maan het soos bloed geword, die sterre val op die aarde soos navye in die wind, die hemel word opgerol en die berge en eilande word uit hulle plekke geskud. Dit is skrikwekkend! Presies hoe letterlik dit alles verstaan moet word, is nie duidelik nie. Wat ek glo wel duidelik is, is die volgende: As jy 'n ongelowige is, is hierdie fisiese geskape werklikheid jou hele wêreld. Dis hier wat jy bly, werk en skatte bymekaar maak. Dis al wat jy het. En dit alles stort in duie. Toe ons na Genesis gekyk het laasjaar, het ons elke keer onderstreep dat die skepping doelmatig was. In 'n sekere sin, het hierdie skepping in sy huidige vorm sy doel uitgedien. Dis tyd vir 'n nuwe skepping.
- Reaksie van die ongelowiges: In verse 15-17 word die reaksie van die ongelowiges beskryf. Let op wie dit almal insluit: konings (ook presidente, ministers), hoofamptenare (staatsamptenare), opperbevelhebbers (militêre eenhede), rykes en magtiges (sakemanne, bestuurders), slawe en vryes (alle werkers en gewone mense) – ja, alle mense! Wat doen hulle? Hulle vlug die berge in, en gaan skuil onder die kranse en in die grotte. Dit is al wat hulle het om hulle te beskerm – dinge in hierdie wêreld, maar selfs die berge word uit hulle plekke geskud! Wat sê hulle? “Berge en kranse, val op ons en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit en vir die toorn van die Lam”. Verstommend! Hulle hele lewe lank het hulle die bestaan van God ontken. En nou skielik erken hulle die Vader en die Lam! Hulle verstaan nou skielik die Vader sit op die troon, en hulle verstaan die Lam is die Een wat geslag is – maar wat hulle nie wou erken hulle nodig het nie. Hulle verstaan ook dat die Lam toornig is teenoor hulle weens hulle miskenning van Hom. Hulle verstaan ook dat hierdie dag die groot dag van God se oordeel is. En al beskerming wat hulle het – is om onder berge en kranse in te vlug wat besig is om te verkrummel! Wat 'n ontugtering!

Weet jy wat is die ergste aan hierdie toekomsverwagting van die ongelowiges? Dit is maar net hulle onmiddellike toekomsverwagting. Hierdie is maar die begin. Na die oordeel gevel is, is daar 'n nog groter ontugtering en 'n nog meer angswekkende toekoms wat vir hulle wag – en wat vir ewig sal voortduur! Hulle laaste vraag is voorwaar 'n goeie vraag: Wie sal staande kan bly op hierdie dag van oordeel?

Afsluiting

Noudat die seëls oopgemaak is, is dit duidelik hoekom dit nodig is dat God hierdie openbaring vir die mensdom gee. Aan die een kant wil God die gelowiges bemoedig. Ja, tye gaan swaar wees, dit gaan 'n stryd wees, selfs tot die dood toe. Daar gaan baie toetse wees. Maar God gebruik hierdie toetse om hulle te laat groei tot geestelike rypheid – hulle sal die oorwinning behaal. En dan het hulle 'n heerlike toekomsverwagting: Hulle sal met hulle afsterwe in die hemel wees, waar hulle steeds bid vir die verdere uitwerk van God se plan tot met die oordeelsdag. Maar terselfdertyd mag hulle ook rus in die wete dat die Priesterkoning soewerein in beheer is. Boonop mag hulle nou al wit klere dra – wat die Lam en die Heilige Gees vir hulle voorberei het – en daarom hoef hulle nie die oordeelsdag te vrees nie. En dis maar net die begin – daarna wag die volle heerlikheid vir ewig!

Daarteenoor, waarsku God terselfdertyd die ongelowiges. Hulle het niks meer as hierdie wêreld nie. Maar hierdie wêreld gaan verdwyn. En dan gaan hulle verstaan hoe ver hulle die bal misgeslaan het. Hulle gaan erken Wie hulle misken het. En hulle gaan paniekerig onder verkrummelende berge en kranse invlug om weg te kom van die Vader en die Lam se toorn op die oordeelsdag. En dis ook maar net die begin – daarna wag die ewige dood in die poel van vuur.